

Dit gaan 'wild' by fotografiekub

VANDERBIJLPARK. - *Wildfotografie* was in Oktober die maandtema van die Vanderbijlpakse Fotografiese Vereniging.

Dit klink maklik om diere af te neem, maar net 'n takkie of blaar waar dit nie moet wees nie, en die foto is nie suksesvol nie.

Diere in aanhouding mag ook nie vir hierdie tema afgeneem word nie.

Chanel Enslin het met haar foto **Hosana drinking** in die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër) koning gekraai, terwyl Chris Gouws se **Lekker Lui** die wenfoto in die junior-afdeling (1-3 Ster) was.

In die monochroom-afdeling (swart en wit) was Renée Storme se **Bullrun 2018** die senior-wenfoto en Nicky Janse van Vuuren was die junior-wenner met **Cowboys don't cry**.



In die saamgestelde-afdeling (visuele kuns) was dit weer Nicky wat die wenfoto opgedis het met **Ontsnapping**.

In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was dit klubvoorsitter en puik fotograaf, Koos Fourie, wat met **Kokerboom op Helshoogte** in die senior-afdeling gewen het. In die junior-afdeling was Rosie de Jager se pragfoto, **Markus**, die beoordelaars se gunsteling. Die klublede mag ook foto's aanlyn inskryf. Dieselfde beoordelaars evalueer die foto's en al hierdie inskrywings met kommentaar kan op die klub de amptelike webtuiste www.vdbp-photo.org gesien word. Oktober se aanlynwenner was Renée Storme met **Painted Lady**.


Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium, Vanderbijlpark. Klubaande is elke derde Vrydagaand van die maand en begin om 18:30. Besoekers en voornemende klublede is welkom.

Die volgende klubbyeenkoms is op 16 November en die tema is veelsydigheid (daar is nege kategorieë waaruit fotograwe kan kies en vyf foto's kan inskryf).

* Die kontakpersoon is Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za. Besoek ook die klub se Facebook-blad by <https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub> waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.



"Painted Lady" deur Renée Storme.



"Ontsnapping" deur Nicky J van Vuuren.



"Markus" deur Rosie de Jager.



"Bullrun 2018" deur Renée Storme.